

18 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 2:1-18

Fokusgedeelte: Hebreërs 2:8, 9

## Jesus Christus regeer!

Die gelowiges in Rome moes onder geweldige vervolging vasstaan. Hulle was ontnugter. Hulle het meer van Christus se heerlikheid verwag.

God het die mens die mag gegee oor sy skepping en nie aan die engele nie. In Psalm 8 word die heerlikheid van die mens besing. Tog is die sondige mens hierdie eer nie werd nie. Slegs Jesus Christus stel ons in staat om as nuwe mense te heers oor God se skepping.

Jesus is met eer en heerlikheid gekroon. Hy het deur lyding en dood tot heerlikheid gegaan. Met sy hemelvaart is Hy as Koning gekroon. Dit beteken Hy regeer. Hy is in beheer van die ganze skepping. Hy regeer steeds, al moet gelowiges nog onder vervolging en versoeking swaarkry.

Alle magte is aan Hom onderwerp. Niemand kan Hom van sy troon afstoot nie. Daar sal altyd vyande wees wat sy koninkryk aanval. Hier op aarde sal ons nooit rus en vrede hê nie, behalwe in Christus. Met sy wederkoms sal daar geen magte of vyande wees om teen te stry nie.

Ons moenie swartgallig of pessimisties teen die harde werklikheid vaskyk nie. Sien Jesus Christus in beheer. Hy het ons vrygemaak van die mag van die sonde, die duiwel en die dood.

Uit eie ervaring het Christus versoeking en lyding deurgemaak. Hy was in alle opsigte aan ons gelyk. Maar Hy het geen sonde gehad of gedoen nie. Hy help ons om vas te staan. Hy is ons Leidsman wat in alle swaarkry help, versterk en oprig.

Sy verhoging in heerlikheid is die waarborg dat ons met sy wederkoms sal deel in sy heerlikheid. Ons sal saam met Hom op 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel regeer. Intussen moet ons geduldig die kruise dra. Om staande te bly, moet ons aan sy Woord vashou. Pas toe wat geleer is, want wie die evangelie loslaat, dryf weg van God af. Wie die evangelie loslaat, het geen vastigheid in die lewe nie.

Sing: Psalm 8:3-5 (1936)

Ds WP van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)